

Maandag 21 September

Skrifgedeelte: Ester 4

Fokusgedeelte: Ester 4:16

God wil ons ook gebruik binne ons omstandighede!

God regeer! Hy voer sy koninkryksplan deur in die alledaagse lewe en in die geskiedenis. Ons sien dit duidelik in die Bybelboek Ester. God is hierin van niemand afhanklik nie, en tog skakel Hy gelowiges daarby in. Hy gebruik ons in sy diens binne ons omstandighede.

Kyk net hoe wonderlik gebruik die Here vir Mordegai om vir Ester haar roeping as koningin aan die paleis te laat insien!

En kyk na Ester! Sy is bereid om te sterf vir die redding van haar volk: *Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom.* Sy is bereid om die gerief van die koninklike paleis prys te gee ter wille van 'n roeping wat tot haar gekom het.

Dit is hoe die Heilige Gees kinders van die Here opnuut inspireer en mobiliseer tot bruikbare werktuie in die hande van die Here. Die Gees maak van gebarste erdekruike kragtige instrumente in die koninkryk van God. Dink maar net aan Petrus! Hoe kragtig het die Here hom nie gebruik wat eens sy Here verloën het nie?

Wanneer ons glo dat God regeer en dat Hy ons roep tot sy medewerkers, dan gryp ons die geleentheid wat op ons pad kom, met albei hande aan. Dan begin ons werk, juis omdat ons weet dat dit die Here is wat werk. Omdat ons weet dat Hy sy koninkryk laat kom, werk ons hart en siel aan die koms van hierdie koninkryk binne ons leefwêreld. Omdat Jesus Christus die offer vir ons verlossing gebring het, is ons bereid om ook groot offers te bring vir God se koninkryk. Dankbaarheidsoffers!

Wanneer ons waarlik op die Here vertrou wat regeer, word ons nie beskaam nie – so leer ons uit Ester.

Hoe en waar gaan die Here jou vandag gebruik in sy koninkryk?

Sing: Psalm 116-1:7, 9, 10

Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)